



**HOËRSKOOL  
VAALPARK  
ARTICON**

DIE SKOOL BY UITNEMENDHEID

TEL: (016) 971 2025

Posbus 62055

FAKS: (016) 971 1012

LANGEBERGSTRAAT 35

VAALPARK, 1948

WEB: [WWW.VAALPARKHIGH.CO.ZA](http://WWW.VAALPARKHIGH.CO.ZA)

E-POS: [ADMIN@VAALPARKHIGH.CO.ZA](mailto:ADMIN@VAALPARKHIGH.CO.ZA)

BANKBESONDERHEDE:

ABSA SASOLBURG

BANK REK NR: 520-391-681

TAKKODE: 335-036

**G E D R A G S K O D E   V I R   L E E R L I N G E :**

Hierdie gedragskode word onderskryf deur die **Suid-Afrikaanse Skolewet** (wet 84 van 1996), die **Grondwet van Suid Afrika** (no 108 van 1996), die **Beheerliggaam** van Vaalpark Articon en die **Matriekraad**. Die samestelling daarvan is direk gemik op die uitlewing van ons missie.

**As leerling van Vaalpark Articon is die volgende vir my baie belangrik:**

1. Ek respekteer die feit dat die etos van die skool berus op 'n waardegedrewe sisteem wat die doelwit en strewe van die skool bepaal sonder om afbreuk te doen aan enige geloofsoortuiging. Tesame hiermee respekteer ek ook my mede-leerders se andersheid betreffende kultuur.
2. My woord is my eer en ek strewe daarna om eerlik te wees in my werk en my wandel en om behulpsaam te wees indien enige probleme sou voorkom.
3. Ek aanvaar dat gesonde dissipline tot die ontwikkeling van selfgedissiplineerde, karaktervaste jongmense lei. Daarom onderneem ek om die dissiplinêre stelsel van Vaalpark Articon te respekteer.
4. Ek erken die reg van elke leerder om op verskeie terreine gestimuleer te word by die skool, op uitstappies of met buite-kurrikulêre aktiwiteite en ek sal myself daarvan weerhou om hulle hierdie reg te ontnem.
5. Ek onderskryf die ontwikkeling en uitoefening van leierskap wat op 'n demokratiese wyse verkry is in ons skool en ek besef dat sonder leidinggedrewe leiers ons skool koersloos sal wees.
6. Ek betoon aan my meerderes en minderes die respek wat hulle toekom en stel aan my gelykes 'n voorbeeld dat hulle in my kan glo. Ek sal ook die nodige respek betoon aan besoekers.
7. Ek onderneem om my skoolwerk, skoolbywoning, skooldrag en skoobetrokkenheid belangrik te ag en my vrye tyd opbouend te bestee sodat dit nie tot nadeel van ons skool sal strek nie.
8. My taalgebruik, gedrag en optrede sal te alle tye tot eer van die skool strek.
9. Ek sal my weerhou van enige laakkbare gedrag soos rook, drankgebruik, dwelmgebruik, diefstal, beskadiging van skooleiendom, aanranding ensovoorts.
10. My kleredrag, haarstyl en algemene voorkoms sal in ooreenstemming met die interne skoolreëls wees.
11. In my deelname aan buitemuurse aktiwiteite onderneem ek om altyd net my beste te lewer met inagneming van die reëls / kultuur van die spel asook gesonde sportmansgees.

**ONS VISIE:**

By Hoërskool Vaalpark Articon, 'n skool by uitnemendheid, glo ons in die holistiese ontwikkeling van ons leerders. Ons koester en ondersteun hulle talente in die akademiese- en kunsdissiplines en ons verryk hul lewens met kulturele- en sportaktiwiteite.

**AKADEMIE ~ KUNS ~ KULTUUR ~ SPORT**

**ONS MISSIE:**

Ons beoog volhoubare kwaliteit in die onderwys waar:

1. Ons toegewyde, gekwalifiseerde leerkragte bied;
2. Kwaliteitonderrig en leer moet plaasvind waar respek fundamenteel is en waar 'n omgewing geskep word wat dit daartoe leen om onderrig te stimuleer;
3. Ons poog om 'n gesonde balans te handhaaf tussen akademie, kuns, kultuur en sport;
4. Ons daarna streef om kompetenterend te wees in akademie-, sport- en kunsdissiplines terwyl ons 'n gesonde en mededingende gees in die skoolomgewing skep.